Hoe lyk Ben en Bella? Datum: _____

Ben en Bella is 'n gelukkige en 'n gesonde tweeling. Hulle hou baie van sing en rympies opsê. Soms maak hulle sommer hulle eie rympies op.

1. Lees Bella se rympie saam met 'n maat.

Ek het …

Ek het vyf vingertjies aan elke hand.
Ek het twee oortjies aan elke kant.

Ek het twee voetjies om mee te loop,
as Mamma iets wil koop.

Ek het 'n neusie wat iets ruik,
en 'n mondjie wat wil proe.

Ek het nog baie meer,
maar dit leer ons volgende keer!

1. Sigwoorde

Soek en onderstreep die volgende sigwoorde in die teks.

ek	**het**	**aan**	**elke**	**te**	**as**	**wil**	**'n**	**wat**	**maar**

2. Spelwoorde

Leer die volgende woorde wat in die teks voorkom.

vyf	**vingertjies**	**twee**	**oortjies**	**voetjies**	**loop**
iets	**koop**	**neusie**	**ruik**	**mondjie**	**proe**

3. Ben help ons woordeskat bou. Kom ons sê saam met hom die volgende sinne. Trek 'n streep soos die voorbeeld.

Dit is my **oog**.
Dit is my **neus**.
Dit is my **hand**.
Dit is my **hemp**.
Dit is my **broek**.
Dit is my **skoen**.



Dit is my **hare**.
Dit is my **kop**.
Dit is my **mond**.
Dit is my **arm**.
Dit is my **been**.

Ben se speelding Datum: _____

Ben is 'n baie besige seun. Hy hardloop en spring die hele dag. Hy kan nie vir twee minute stilsit nie. Sy arms en bene buig en swaai die hele dag. Hy skop sy bal. Hy gooi sy bal. Hy vang sy bal.
Ben is soms stout. Hy spring op sy bed. Mamma hou nie daarvan nie. Mamma straf hom as hy op sy bed spring.



1. Sigwoorde
Soek en onderstreep die volgende sigwoorde in die teks.

is	**baie**	**hy**	**en**	**die**	**dag**	**nie**	**bal**	**sy**	**as**

2. Spelwoorde

Leer die volgende woorde wat in die teks voorkom.

besige	**seun**	**hardloop**	**spring**	**arms**	**bene**	**bal**

3. Bou woorde met die klanke. Lees die woorde saam met 'n maat.

d, l, w + ag → _ _ _ / _ _ _ / _ _ _

b, s, v + al → _ _ _ / _ _ _ / _ _ _

4. Voltooi die volgende sin:

Ben h _ _ _ _ _ _ _ en s _ _ _ _ _ die hele dag.

Bella se speelding Datum: _____

Bella se gunsteling speelding is 'n pop. Die pop se naam is Thuli. Bella speel elke dag met Thuli. Sy praat met Thuli. Sy voer vir Thuli. Sy troos vir Thuli. Bella is baie lief vir Thuli. Sy vat haar soms saam met haar skool toe. Bella het Thuli vir haar verjaarsdag gekry.

1. Sigwoorde

Soek en onderstreep die volgende sigwoorde in die teks.

se	**het**	**'n**	**is**	**dag**	**met**	**baie**	**haar**	**vir**	**en**

2. Spelwoorde

Leer die volgende woorde wat in die teks voorkom.

gunsteling	**speelding**	**pop**	**speel**	**praat**
voer	**troos**	**lief**	**skool**	**verjaarsdag**	**gekry**

3. Beantwoord die vrae oor die leesstuk in vol sinne.

   a. Wie het 'n pop?

   _____

   b. Wat is die pop se naam?

   _____

   C. Waarheen vat Bella soms vir Thuli?

   _____

   d. Wanneer het Bella vir Thuli gekry?

   _____

4. Lees en voltooi die twee sinne oor jou eie speelding.

   My gunsteling speelding is 'n _____

   Ek het my speelding by my _____ gekry.

5. Bou woorde met die klanke. Lees die woorde saam met 'n maat. Skryf dan die woorde in die spasies.





6. Kleur al die woorde in die blok met 'n aa-klank blou in.

   Kleur al die woorde in die blok met 'n a-klank groen in.

kas	raas	kat	kaas	daar	maat	mat
vat	raad	sak	tak	gat	raak	kar

Die tweeling is gelukkig Datum: _____

1. Die tweeling is baie tevrede en gelukkig. Vul elke keer die byskrif van elke prentjie in die blokkie.

B _ _ is 'n seun en B _ _ _ _ is 'n meisie.

Hulle het elkeen een _ _ _ en een _ _ _ aan weerskante van hulle gesigte. Hulle het ook elkeen een _ _ _ _ om mee te ruik en 'n _ _ _ _ om mee te eet.

Ben speel met sy rooi _ _ _. Hy skop die bal met sy _ _ _ _ en gooi die bal met sy _ _ _ _.

Hy het gister sy een  _ _ _ _ en sy een  _ _ _ _ _ _ seergemaak.

Bella speel met Thuli, haar _ _ _. Sy praat met haar en sy voer haar. Sy is baie _ _ _ _ vir Thuli.

1. Sigwoorde

Soek en onderstreep die volgende sigwoorde in die teks.

is	**en**	**'n**	**het**	**van**	**om**	**met**	**een**	**haar**